

25 Februarie 2014

**Skrifgedeelte: Filippense 4:1-9**  
**Fokusgedeelte: Filippense 4:6**

### **Dankbare harte staan vas in die geloof!**

Paulus roep die gelowiges op om in hulle geloof vas te staan. Die Griekse woord wat vertaal is met “vas staan”, is ’n woord wat ’n militaristiese ondertoon het. Dit is asof Paulus daardie soldate in die voorste linies beveel om sterk te staan, terwyl hulle onder groot druk verkeer. Hulle moenie oor die siekte of terugslae of die kritiek moedeloos raak nie. Hulle moet *vas* staan!

Om vas te kan staan, terwyl ’n gelowige daar in die voorste linies is, kan net gebeur wanneer daar gelowig gebid word. Paulus noem dan ook ’n paar elemente van so ’n gebed. Ons gaan fokus op die danksegging.

Al gaan dit hoé sleg, ’n gelowige kan die Here altyd in dankbaarheid nader omdat sy verlossing altyd vas bly staan (vgl. Fil. 1:12; 4:4; 1 Tess. 5:18; 1 Pet. 1:6). Dink maar in hierdie verband aan die gelykenis van die skat wat Jesus vertel het (Matt. 13:44). Die persoon wat die skat vind, gaan verkoop al sy goed om daardie skat in die hande te kry. Hy was nie hartseer oor al die besittings wat hy verloor het nie, want al het hy alles verloor, het hy steeds ’n baie groter en waardevoller skat in die veld gekry.

’n Gelowige weet dat hy die grootste en waardevolste skat in Christus ontvang het. Jesus se liefde gaan alle verstand te bowe en niks kan die gelowige van daardie liefde skei nie (vgl. Rom. 8:31-39). Christus se liefde vul elke gelowige met groot vreugde en dankbaarheid, en daarom moedig Paulus die gelowige ook hier aan om altyd bly te wees (Fil. 4:4).

Daarom is die gelowige, wie se hart en gebede van dankbaarheid oorloop, altyd dié een wat in die verlossing van Jesus Christus vas staan.

Sing: Skrifberyming 2-4:3 (33)

Ds. PJ (Paul) de Bruyn (Oos-Londen)